Senior Kategese

Sessie 2 (Week 13 Sept.)

## Wat is die skepping?

Julle weet wat dit beteken om iets te skep. Jy neem byvoorbeeld 'n klomp wol en brei 'n trui, of 'n stuk hout en kerf dan iets daarúít. Kenmerkend van skepping en heel logies só, is dat iets benodig word waaruit iets geskep kan word. Met die skepping van die universum, ook genoem die kosmos, is dit klaarblyklik anders. Hier word iets uit niks geskep. Dis maklik om sommer te sê dat 'n almagtige God iets uit niks kan skep. Sulke stellinge sal natuurlik altyd konflik veroorsaak tussen die wetenskap en die godsdiens.

Die Bybel gee vir ons 'n vertelling in Genesis hoofstuk 1 & 2 van hoe die hemel en aarde geskep is en wel so in ses dae. Wetenskaplikes se navorsing wys dat daar 'n skeppingsmoment was – genoem die oerknal. Die formering van die universum, aldus insigte vanuit navorsing, wys egter dat die oerknal duisende miljoene jare gelede plaasgevind het en ook dat dit baie langer as ses dae geneem het en eintlik steeds aan die gang is – dit wat evolusie genoem word.

Deesdae bied die wetenskaplike insigte baie wat die Bybelse weergawes ondersteun. Dit is ook veral die ander skeppingstekste in die Bybel soos in Johannes hoofstuk 1 waar die wetenskap en Bybel ooreenstem. Ander ooreenkomste is dat daar beslis 'n meerdere werklikheid is wat bewussynlik en nie sintuiglik waarneembaar is nie (ons noem dit die Heilige Gees). Dit is duidelik in geloof en feit dat ons universum geskep is deur iets bowe ons kosmos. Omtrent alle gelowe het een of ander verklaring vir die skepping, maar almal plaas klem op twee aspekte: 'n Meerdere kragveld (ons noem dit God) en dat dit wesenlik liefde of dan opbouend is (ons noem dit Christus).

Die twee uitstaande vrae is (1) waarom daar 'n skepping is en (2) hoe iets uit niks geskep kan word. Die Bybel verduidelik dat die skepping gemaak is met die mens as God se verteenwoordiger om die aarde te bestuur soos 'n tuinier na sy tuin kyk. In algemene taal beteken dit om te ontwikkel, beter te maak, mooi te maak. Die aarde bied dan 'n omgewing waar alles ontdek kan word en beter gemaak kan word. Dit is die taak en opdrag aan die mens om God se skepping op aarde beter te maak (wees vrugbaar, bewerk die aarde).

Daar is tog manier hoe iets uit niks geskep kan word. Julle is baie bekend daarmee as byvoorbeeld rekenaarspeletjies – in die algemeen bekend as virtualiteit. 'n Digitale speletjie het geen ruimte nodig om beleef te word nie en word ook uit data ontwikkel. Data is slegs inligting en nie iets konkreets nie. Dit wil al meer lyk asof ons universum nes 'n rekenaarspeletjie is. Die mens beleef dit as werklik, omdat ons daarin is. Die universum is juis so ontwerp dat dit bewussynlik waarneembaar kan wees – en dit is dan die rol van die mens in die skepping: Om dit wat God is, sy koninkryk dus, te bou deur met liefde die aarde te verbeter, te ontwikkel.